Die Voortrekkers

13 Maart 2018

Renoster-red is vet pret:

Die Voortrekkers is ‘n beweging met ‘n hart vir bewaring, daarom is ons baie opgewonde om almal te vertel van “Care for Wild” en ons betrokkenheid by hierdie organisasie.

Care for Wild naby Nelspruit spits hulle daarop toe om renosterkalfies wat weens wildstropery wees gelaat is, te red en te versorg. Petronel Nieuwoudt is die stigter van hierdie wonderlike organisasie.

Tans word daar elke dag tussen een en twee renosters in die Krugerwildtuin gestroop. Die renosters word doodgeskiet en hul horings word diep uit hulle gesigte gekap. Soms is die renosters nie dood nie en dan word hulle hakskeensenings afgekap sodat hulle nie kan beweeg nie, en die horings word lewend gestroop.

Care for Wild het mense wat helikopters beskikbaar stel om na die wildtuin te kan vlieg om die kalfie(s) te probeer opspoor en red. Care for wild het 20 gewapende wagte wat die plaas 24 uur per dag bewaak. Dit kos Care for Wild ongeveer R15 000 per maand per renoster aan versorging. ‘n Spesiale mengsel van perdemelk en ander aanvullings word vir elke kalfie voorberei. Die kalfies drink tot 8 keer in 24 uur. Nagvoedings hou aan totdat die kalfies amper ‘n jaar oud is.

Ons projek: “Renoster-red is vet pret” gee Voortrekkers die geleentheid om ‘n groot verskil te maak deur ‘n wonderlike organisasie te ondersteun. Hoe kan Voortrekkers en hul vriende betrokke raak?

Kontak gerus vir Carinda Habig om ‘n bestelling vir Renosterspaarbussies te plaas. Dit kan egter ook aangekoop word by die Voremôl saam met lisensieplakkers wat spesiaal gemaak is vir hierdie projek. Spanne en individue het geleentheid om die spaarbussies vol te maak tot einde Augustus 2018.

Francis Baard str. 990 (Ou Schoeman straat)
Posbus 12924
Hatfield
0028
012 430 3914 (Kantoor)
086 613 9934 (Faks)

transvaal@voortrekkers.org.za
(Finansies, Terreine, Verkenner- en Volwasse sake SAS, PD sake en Bemarking)
admin@voortrekkers.org.za
(Administrasie, Webblaaie, Kennisgewings en SAS,)

https://transvaal.voortrekkers.co.za
www.transvaal.voortrekkers.org.za
www.houkoers.co.za
Twitter: @twittvlvt
Instagram: tvl.vtks

Gebiedsleier: Zandra Machin
Adjunkgebiedsleiers: Elsa Schnetler, Anita Bezuidenhout, Anine Wheeler, Jaco van der Walt, Dirk van den Berg, Tekkies Kotze

Op Donderdag 15 en Vrydag 16 Maart besoek ‘n paar Voortrekkers die organisasie om ons verbintenis aan die projek te bevestig. Ons sal foto’s en videos van die besoek op Transvaal se Facebookblad plaas, sluit dus vandag nog aan by die blad.

Stuur e-pos aan carinda@rietvlei-akademie.co.za of WhatsApp 0718325541 vir enige verdere navrae.

Voortrekkers gee om!

Vriendelike Voortrekker groete

Tekkies Kotze
Adjunk Gebiedsleier: Bemarking
tekkies.kotze@gmail.com
0828526171